

**HANDELINGE VAN DIE AD HOC-SINODE
VAN DIE
VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
GEHOU TE PRETORIA
OP VRYDAG 4 JULIE 1997**

ARTIKEL 1. OPENING

As voorsitter van die kerkraad van die sameroepende kerk te Pretoria gaan ds. JR Visser voor in Skriflesing (Psalm 36) en gebed. Hierna sing almal teenwoordig enkele verse uit Psalm 119 saam tot eer van die Here.

Hierna word die verrigtinge deur ds. Visser namens die roepende kerk soos volg geopen:

“Geagte broeders afgevaardigdes en adviseurs, gaste, broers ens susters: Dit is vir die Vrye Gereformeerde Kerk in Pretoria ’n eer en ’n voorreg om julle hier te hê. Ons is bly dat ons saam met die ander kerke ’n kerkverband mag vorm. Die laaste jare gebeur dit steeds weer dat ons ’n ad-hoc Sinode moet hou. As dit gebeur kan dit ’n slegte teken wees. Daar is tye dat dit op allerlei spanninge in Christus se kerk wys wanneer meer dikwels vergader moet word.

Die laaste jare mag dit onder ons anders wees. Die Here gee dat dinge gebeur wat wys op lewe en ontwikkeling in die kerkverband. Ook vandag is dit nie so dat ons saamgekom het om spanninge, of ’n voorstel tot skorsing of afsetting van ’n ampsdraer te bespreek nie. Dis dinge wat die hart bly maak waaroor ons vandag vergader. Dit is dinge wat die hart van Christus se kerke vinniger laat klop as ’n mens daaraan dink waarom ons hier mag saamkom.

Eerstens is dit omdat ds. Hannes Breitenbach graag die Evangelie van Jesus Christus in die Vrye Gereformeerde Kerke wil verkondig. Hy het die ander VGK, die Verenigende Gereformeerde Kerk tot terugkeer na God se Woord opgeroep. Hy het in gehoorsaamheid aan Christus hierdie oproep laat uitgaan. Dit het helaas nie tot egte reformasie gelei nie. Daarom het ds. Breitenbach dit nie verantwoord teenoor sy Sender geag om daar te bly nie, en vra hy nou toegang tot die Woordbediening binne die kerkverband wat ons deur God se genade mag vorm.

Die ander rede hoekom ons saamgeroep is, is die oprigting van ’n eie Teologiese Skool. Hierdie sinode het nie saamgekom om te besluit of ’n eie Teologiese Skool ons roeping is nie. Ons het ook nie hier saamgekom om te besluit of ons seuns nog Kampen of Hamilton toe kan gaan nie. Die vorige sinode het klaar ’n duidelike besluit geneem. Die besluit was: “Wanneer dit enigsins moontlik is, is dit ons roeping om ’n eie teologiese opleiding in Suid-Afrika te begin.” Dit is ’n besluit wat ons volgens ons eie Kerkorde as bindend aanvaar. Hierdie sinode moet volgens die Gereformeerde kerkreg vanuit die besluit kyk of ons hierdie roeping op verantwoorde manier kan uitvoer.

Die HERE het ons in Suid-Afrika ’n eie plek gegee. Hier moet ons Christus se kerk wees. Hoe goed is dit dan dat oor die begin van ’n eie Teologiese Opleiding binne Suid-Afrika gepraat word? ’n Teologiese Opleiding wat ’n getuïenis moet wees binne die teologiese en kerklike situasie in die land waar die HERE aan ons ’n plek gegee het. Hoe goed sou dit wees dat meerdere seuns en manne opgelei mag word en dat ons so deur Christus gedwing word om binne ons eie land na uitbreiding van plekke te soek waar die Evangelie onvervals verkondig kan word? Dat ons gedwing word om vol geloofsmoed ons opdrag te vervul. Dat ons dit doen gehoorsaam aan die gebod en blind vir die toekoms. Wanneer Christus se kerk gehoorsaam aan God se gebod is, sal Christus Sy gemeente toekoms gee.

Mag die sinode in hierdie geloofsvertroue vergader en besluite neem. Ons bid die Drie-Enige God dat Hy ons lei en ons oë in geloofsvertroue op Hom rig. Dan sal hierdie Sinode vir die geskiedenis van Christus se kerk van historiese betekenis wees. Want elke kerklike vergadering wat Christus volg maak in God se oë geskiedenis.

Ek wens elkeen wat deur Christus geroep is om op hierdie Sinode sy bydrae te lewer die HERE se wysheid toe. Hiermee verklaar ek hierdie Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geopen”.

ARTIKEL 2. AFVAARDIGING

Deur die sameroepende kerk word vasgestel dat al die kerke met 'n geloofsbrief wettig verteenwoordig is:

Van die Kerk te Pretoria:

Br. G Hagg
Br. C Roose
Ds. JR Visser

Van die Kerk te Bethal:

Br. K Coetzee (sekundus)
Br. M Kruger
Ds. P Nel

Van die Kerk te Johannesburg:

Ds. CF Heiberg
Br. A Kuyvenhoven
Br. JHT Reyneke

Van die Kerk te Kaapstad:

Br. K Bijzet
Br. A van Renssen
Ds. E Viljoen

Die presensielys word deur al die afgevaardigdes geteken.

Die volgende adviseurs is ook aanwesig:

Ds. W Boessenkool (Johannesburg)
Ds. AJ de Visser (Pretoria)

ARTIKEL 3. MODERAMEN

Die vergadering kies die volgende moderamen:

Ds. JR Visser (praeses)
Ds. E Viljoen (assessor)
Ds. CF Heiberg (skriba)

Die voorsitter spreek sy dank uit vir die vertroue wat in die moderamen gestel word.

ARTIKEL 4. INSTEMMING MET DIE BELYDENIS

Alle afgevaardigdes (behalwe ds. Nel) en adviseurs betuig hulle instemming met die Gereformeerde Belydenis deur op te staan. Ds. Nel wat die vergadering, met toestemming van die voorsitter, vir 'n wyle moes verlaat, het by sy terugkeer ook sy instemming met die belydenis getoon deur op te staan.

ARTIKEL 5. VERWELKOMING VAN ADVISEURS EN WAARNEMERS

Die voorsitter rig 'n woord van verwelkoming aan die genoemde adviseurs. Oudl. Schoeman van die Vrye Gereformeerde Kerk Waterval-Boven wat die vergadering as waarnemer sou bywoon, is weens siekte van sy vrou afwesig. Alle ander besoekers word welkom geheet en daarop gewys dat sommige gedeeltes van die vergadering in camera sal geskied.

ARTIKEL 6. WERKSWYSE VAN DIE SINODE

Op voorstel van die voorsitter besluit die sinode op die volgende werkswyse:

9h00 – 11h00
11h30 – 13h00
13h00 – 15h00
15h30 – 18h00

ARTIKEL 7. PERSBERIG

Die voorsitter versoek ds. AJ de Visser om die persberig te behartig.

ARTIKEL 8. ONDERSOEK DS. JA BREYTENBACH

Ds. Breytenbach word hartlik welkom geheet deur die voorsitter.

Beweegredes vir die Woordbediening:

Die voorsitter versoek ds. Heiberg om die gesprek te lei. Na afloop daarvan besluit die vergadering in camera gunstig oor ds. Breytenbach se beweegredes tot die Woordbediening.

Preekvoorstel:

Ds. Breytenbach lewer 'n preek oor Sondag 32 van die Heidelbergse Kategismus voor die vergadering. Twee ander vryestof-preke was ook vooraf aan alle afgevaardigdes ter insae gegee. Onder leiding van twee gespreksleiers, di. De Visser en Heiberg, oordeel die vergadering in camera gunstig oor die preke. Die vergadering beveel eenparig en vrymoedig aan dat met die ondersoek voortgegaan kan word, waarna ds. Breytenbach gevra word om weer sy plek in te neem.

Teologiese beoordeling

In 'n openbare sitting word ds. Breytenbach agtereenvolgens op die volgende terreine geëksamineer:

- Dogmatiek: Die Heilige Skrif en die genadeverbond (ds. Visser)
- Simboliek: kerk en sending/evangelistiek (ds. Nel)
- Kerkreg: Plek en grondslag van die KO, die leer en die erediens (ds. Viljoen)

Die vergadering gaan hierna oor om *in camera* oor laasgenoemde onderdeel van die eksamen te oordeel. Die sinode besluit eenparig om ds. Breytenbach as bedienaar van die Woord binne die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toe te laat. Hierby was ook ter tafel die noodsaaklike kerklike dokumentasie van ds. Breytenbach.

Ds. Breytenbach sal onmiddellik beroepbaar wees, maar die sinode neem kennis dat genoemde broeder DV vanaf begin September tot einde Desember vir studie na Kampen, Nederland gaan. Die sinode versoek daarom dat die kerke hierdie omstandighede in ag sal neem wanneer 'n beroep op ds. Breytenbach uitgebring mag word. Dit sou onder andere behels dat die broeder eers vanaf 1/1/98 op die rekening van die kerk sal wees wat hom beroep het, maar pensioenreëlings moet onmiddellik getref word. Die kerk van Kaapstad sal ook toesien dat daar dadelik lewensversekering op ds. Breytenbach uitgeneem word op die kerke se rekening.

ARTIKEL 9. OPDRAG AAN DIE KWESTOR

Die sinode gee opdrag aan die kwestor dat die lewensonderhoud van ds. Breytenbach en sy gesin vanaf sy aansluiting by die VGK Kaapstad tot en met sy aanvaarding van 'n beroep betaal word. Die kerk van Kaapstad moet die spesifieke nood aan die kwestor bekendmaak.

ARTIKEL 10. DS. BREYTENBACH BEROEPBAAR GESTEL

Nadat ds., Breytenbach en alle belangstellendes teruggenooi is in die vergadering, deel die voorsitter mee dat die sinode in volle vrymoedigheid voorstel om Johannes Andries Breytenbach binne die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika beroepbaar te stel. Reëlings wat die sinode getref het (sien artikel 9 hierbo) word aan

hom meegedeel. Ds. Breytenbach onderteken hierna die formuliere in teenwoordigheid van die sinode en almal teenwoordig. Nadat ds. Breytenbach en sy gesin Psalm 134:4 toegesing is, versoek die voorsitter hom om die sinode as adviseur te dien.

ARTIKEL 11. BESPREKING VAN DIE 'RAPPORT TEOLOGIESE OPLEIDING'

Toeligting namens die deputate:

Ds. Visser lig die vergadering in oor die terugvoer wat van die TU Broederweg, Kampen ontvang is. Drs. J Haak het tydens sy onlangse besoek in Mei die Kampen-dosente se entoesiasme oor die moontlikheid oor 'n eie teologiese opleiding vir die VGKSA meegedeel. Die gevoel by Kampen is dat die inhoud op standaard is. Daar is sterk aanbeveel om te begin met die opleiding al is daar maar weinig studente aan die begin. Kampen gaan ook akkoord met die voorstelle aan die einde van die rapport. Hulle het bygevoeg dat ons van die begin af moet toesien dat die program so opgestel word dat studente deurlopend praktiese blootstelling kry en die opleiding op die praktyk gerig is. Wat die wetenskaplike niveau betref is die moontlikheid uitgespreek deur Kampen dat studente wat die 4 jaar opleiding voltooi het, daarna enkele maande se afronding in Kampen kan ondergaan en dan as doktorandus kan kwalifiseer.

Bespreking:

Die voorsitter het drie rondtes van vrae en bespreking toegelaat waarvan hieronder slegs die belangrikste sake samevattend weergegee word.

- Met betrekking tot die sinodebesluit van 1996.

Die voorsitter wys weer daarop dat dit nie hierdie sinode se taak is om te besluit of ons 'n eie opleiding wil begin nie, maar wel of 'n verantwoorde opleiding haalbaar is, en indien wel besluite in die verband te neem. Op 'n vraag wat dan geword het van die tweede deel van die besluit (sien artikel 21 van die 1996 Sinodehandelinge), naamlik om ondersoek in te stel of op verantwoorde manier van die opleiding te Potchefstroom gebruik gemaak kan word, word die vergadering daarop gewys dat dit slegs moet gebeur as hierdie sinode nie oortuig is dat daar met 'n eie teologiese opleiding begin kan word nie.

- Met betrekking tot die akademiese program, amptelike erkenning daarvan ens.

Die literatuur wat in die rapport opgeneem is slegs 'n voorbeeld en kan ter enige tyd aangepas word. Die volle studietydperk van 'n voornemende predikant sal 7 jaar wees, 3 jaar taalstudie (BA-graad) + 4 jaar teologiese studie. Alhoewel die kwessie in verband met amptelike akkreditasie nog nie op hierdie stadium amptelik opgeneem is nie (daar is nog genoeg tyd om dit uit te klaar), het die professore van Kampen reeds by monde van drs. Haak verklaar dat studente wat by ons suksesvol afgestudeer het, en daarna nog sowat 'n halfjaar se suksesvolle studies aan die TU Broederweg aflê, deur hulle as op dieselfde vlak as doktorandus geag sal word. Dit beteken ook dat ons studente daarom desnoods amptelike erkenning vir hulle opleiding van hierdie instelling mag ontvang. Die moontlikheid om studente van buite die VGKSA ook tot die opleiding toe te laat is 'n aantreklike gedagte en word oopgelaat. Dit sal egter meebring dat ons opleiding goed bekendgestel moet word.

In die terugvoer wat van Kampen en Hamilton ontvang is die moontlikheid van 'n satellietkampus van daardie instellings in SA pertinent afgewys. Opleiding van die VGKSA moet gerig wees op die eie situasie en omgewing, al sou dit dan aanvanklik op wetenskaplike vlak nie gelykstaande kan wees as die sustersinstellings se opleiding nie.

- Met betrekking tot die praktiese inkleding van die studieprogram

Die studieprogram is so opgestel dat 'n student nie onnodig veel sal hoef te reis tussen byvoorbeeld die Kaap en Gauteng nie, maksimaal twee keer per jaar. Die nadeel van hierdie manier van onderrig is dat die student eintlik geen gewone studente-lewe gaan ken nie, maar hoofsaaklik op homself aangewese gaan wees. Dis is egter nie 'n ongewone situasie vir nagraadse studie nie, wat hierdie opleiding tog eintlik is.

Wat die dosente betref is dit sekerlik so dat hierdie hele onderneming (om 'n eie teologiese opleiding te begin in so 'n klein kerkverband met haar beperkte vermoëns) wel groter druk op almal gaan plaas, veral op die predikante wat as dosente aangewys gaan word. Oor die langer termyn gaan beide predikante en gemeentes egter daarby baat, aangesien aangewese dosente gedwing sal wees om hulle in te grawe in hul onderskeie vakgebiede, wat ongetwyfeld moet lei tot 'n verdieping van die Woordbediening in die algemeen. Die oorwoë mening van die vergadering is egter dat drie dosente soos in die rapport voorgestel, 'n te swaar lading vir sulke dosente en hulle gemeentes gaan beteken en dat die getal tot vyf vermeerder moet word.

Hierby word genoem dat mense nie onder die indruk moet leef dat die studie op konvensionele wyse opgestel gaan word – soos in SA bekend is – waar die dosent byna die volledige sillabus mondelings doseer nie. Daar sal veel meer van selfstudie gebruik gemaak word (soos by Broederweg). daar sal ook gepoog word om jaarliks van gasdosente van ons susterskerke uit Nederland of Kanada gebruik te maak, vir lesingsblokke van sowat drie weke elk. Verder kan betroubare gereformeerdes teoloë wat by instellings soos die *Wycliff Theological Seminary* met groot vrug klasgee, ook onder begeleiding van 'n betrokke dosent, in 'n bepaalde vakgebied betrek word.

'n Baie belangrike faset van die toerusting van dosente is hulle didaktiese onderbou. Om hulle hierin enigsins van hulp te wees, het Kampen onderneem om drs. Hoeksema voordat die opleiding DV volgende jaar 'n aanvang neem die aangewese dosente onder hande te neem.

- Met betrekking tot die kuratore en 'n hoofdosent
Kuratore moet toesien dat die opleiding na inhoud getrou is aan die Gereformeerde Belydenis. Verder sal kuratore ook gemoeid wees met organisatoriese en desnoods administratiewe verantwoordelikhede. Op die vraag oor hoe daar oor die dosente toesig gehou sal kan word in die voorgestelde opset, is daarop gewys dat dosente gebonde is aan die ondertekeningformulier en steeds lewe en werk onder die opsig en tug van hulle kerkrade.

Een van die dosente moet as hoofdosent benoem word wat aansoeke van voornemende studente ontvang, die studieprogram koördineer en optree as skakel tussen die kuratore en die dosente. Dit word aanbeveel dat so 'n hoofdosent verkieslik voltyds vir die werk afgesonder word, indien dit enigsins moontlik is.

- Met betrekking tot die kostes en 'n biblioteek
Die begroting soos in die rapport aangegee is heeltemal realisties en daar hoef geen noemenswaardige verskuilde kostes te wees nie. Die begroting sal hoofsaaklik opgeneem word deur administrasiekostes, die uitbring van dosente van oorsee en boeketoelae vir dosente.

Daar is reeds by die gemeente van Pretoria besluit dat die Arnold-Biblioteek, met die aanvang van eie teologiese opleiding net so as biblioteek vir die nuwe teologiese opleiding geskenk gaan word. Daar is ook reeds 'n aksie onder die jeug op gang om fondse in te samel vir die aankoop van nuwe boeke vir die biblioteek.

- Met betrekking tot die kerke se meelewing
Alhoewel hierdie saak reeds in sommige van die gemeentes reeds wel deeglik in die harte van die gemeentelede leef, is dit belangrik om steeds toe te sien dat hierdie saak in alle gemeentes deeglike aandag geniet in die gebede, kerkblaaië, ens.

Voorstel:

Aanvullend tot die vyfde voorstel in die rapport word die volgende voorgestel:

Dat hierdie sinode voorlopig kuratore benoem tot en met die volgende sinode,

Dat die aangewese kuratore en dosente by die volgende sinode moet kom met instruksies.

Besluite:

Die sinode besluit dat:

1. vanaf 1 Januarie 1998 met 'n eie teologiese opleiding vir die VGKSA begin sal word,
2. om die volgende vyf dosente te benoem om van ingang 1 Julie 1997 die onderwys te versorg, en waarvan een die hoofdosent sal wees:
 - Ds. JR Visser (hoofdosent)
 - Dr. JA Breytenbach
 - Ds. CF Heiberg
 - Ds. P Nel
 - Ds. E Viljoen
3. die volgende broeders as kuratore benoem word tot en met die volgende sinode:
 - Bethal: N. du Preez en M Maritz (sekundus)
 - Johannesburg: AL Boessenkool en J Haak (sekundus)
 - Kaapstad: J van der Linden en K Bijzet (sekundus)

Pretoria: H de Jager (sameroeper) en H Schuring (sekundus)

Pretoria Maranatha: G Hagg en M de Feyter (sekundus)

1. kuratore die opdrag kry om aan die volgende sinode in 1998 terug te rapporteer en om 'n geskrewe instruksie in te dien van hulle gesamentlike werksaamhede
2. dat aan elke kerkraad die versoek gerig word, om aan die volgende sinode 'n broeder uit hulle gemeente te benoem wat as kurator kan dien,
3. die toelatingsbeleid soos in die rapport geformuleer, aanvaar word. Die dosente besluit naamlik na ondersoek en gesprek wie tot die opleiding toegelaat mag word.

ARTIKEL 12. RONDVRAAG VOLGENS KERKORDE ARTIKEL 41

Kerkvisitasie:

Die voorstel van Kaapstad is nie ontvanklik nie aangesien dit nie deur die sinode gereël word nie. Die voorstel sal nietemin na die kerkrade deurgegee word. Inisiatief vir kerkvisitasie moet uitgaan van die visitatore self.

Naburige kerke

Met die verdeling van Pretoria in twee kerke het dit noodsaaklik geword om die aanwysing van naburige kerke te hersien. Die volgende voorstel word aan die kerkrade deurgegee (die naburige kerk word telkens tweede genoem):

Pretoria – Pretoria Maranatha
Pretoria Maranatha – Kaapstad
Kaapstad – Bethal
Bethal – Johannesburg
Johannesburg – Pretoria

ARTIKEL 13. PERSOONLIKE RONDVRAAG

Bethal vra advies van die ander kerke oor die verkryging van 'n bladsy op die Internet vir die VGKSA. Die respons is positief. 'n Versoek dat uitnodiging aan die adviseurs, soos in die verlede, steeds skriftelik sal geskied, word deur die sameroepende kerk ter harte geneem. Die skriba rig 'n vriendelike versoek aan alle deputate teenwoordig dat hulle sal toesien dat alle deputate-verslae by die volgende sinode op 'n eenvormige Woordverwerkingspakket (MS Word 6.0) ingedien sal word, waardeur die volgende skriba se werk die helfte makliker sal wees.

Hierna bedank die assessor die voorsitter vir sy bekwame leiding.

ARTIKEL 14. VASSTELLING HANDELINGE SINODE EN KORT VERSLAG

Dit word goedgekeur dat die vasstelling van die Handeling van die sinode en die Kort Verslag deur die moderamen behartig sal word.

ARTIKEL 15. SENSUUR VOLGENS ARTIKEL 48

Daar was geen onderlinge sensuur nodig nie

ARTIKEL 16. AFSLUITING

Die voorsitter lees voor uit Openb. 1:4-8, doen 'n dankgebed waarna die vergadering saam Psalm 87:1-5 hartlik saam sing tot eer van die Here. Hiermee is die ad hoc-sinode gesluit.

JR Visser (praeses)
E Viljoen (assessor)
CF Heiberg (skriba)